



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

## Parashah 22: *Vayak'hel* (ויקהל): Bymekaar Roep

*Moshe het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el bymekaar laat kom en vir hulle gesê:  
 "Hierdie is die dinge wat יהיה julle beveel het om te doen. Ex. 35:1 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Exodus 35:1 tot 38:20

**Haftorah:** 1 Kon. 7:13 tot 26 en 40 tot 50; Heb. 8:1 tot 5; Heb. 9:1 tot 28; Heb. 10:26 tot 31; 2 Kor. 9:1 tot 15; 1 Kor. 3:9 tot 17; 1 Kor. 12:4; Jak. 1:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 22 wat afgelaai kan word by: [Parashah22Notas14](#) of deur dit aan te vra by [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info).

*The way you treat YHVH's Torah is the way that He will treat You – Anonymus.*

*Sinned as we have as a nation, yet to our sin we have added pride in our sinning. The world has lost the power to blush over its vice; the church has lost her power to weep over it – Leonard Ravenhill*

*Truth heals. Truth transforms. Truth prevails. You don't change truth. Truth changes you – Shane Idleman.*

*The presence of truth tells always makes truth deniers uncomfortable – Hal Lindsay.*

## Midrash (Torah Bespreking)

Die konsep van die tabernakel en van Shabbat moet as 'n eenheid gesien word. Die tabernakel is 'n heiligdom in ruimte en die Shabbat is 'n heiligdom in tyd! Dit wat YHVH as afgesonder (heilig) verklaar het kan deur geen mens as onheilig geag word nie! Laat ons onthou dat die Shabbat is deur YHVH as afgesonder verklaar!

Maar ons parashah begin met Moses wat die volk, naamlik die hele vergadering van Israel, bymekaar roep. Die Hebreeuse werkwoord vir *bymekaar roep* is *qahal* (קהל). As selfstandige naamwoord is dit in die Grieks vertaal as *ekklesia* wat verkeerdelik vertaal is as *kerk*. Die betekenis van *ekklesia* is egter *die uitgeroepenes* naamlik die wat geroep is om vir 'n doel bymekaar te kom soos 'n vergadering wat belê word. Die Hebreeuse woord vir *die hele vergadering* is *adat*, (עדה) en is afkomstig van die grondwoord *adah* (עדה) en het te doen met dit wat aangewys word. So byvoorbeeld is die feestye van YHVH, soos in Levitikus 23 uiteengesit word, die aangewese tye (bestemde tye, vaste tye) van YHVH. In Hebreeus is hierdie die woord *mo'ed* (מועד) wat ook afgelei is van die grondwoord *adah*. Ons lees reeds in Gen. 1:14 dat YHVH die ligte aan die uitpansel van die hemel geskape het om skeiding te maak tussen die dag en die nag en om te dien as tekens vir vaste tye (*mo'edim*) sowel as vir dae en jare.

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch) of kontak vir Gerrie Coetzee by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com).

Daarom is Shabbat een van die bestemde tye (vasgestelde tye) wat deur die hele vergadering van Israel gedenk en afgesonder (geheilig) moet word!

Die feit dat Moses die hele vergadering van Israel bymekaar geroep het, is bevestiging dat YHVH se Torah aan almal – die hele gemeente – gegee moes word. First Fruits of Zion se kommentaar op hierdie parashah verduidelik dit soos volg:

*The Holy One gave His Torah to the holy community, not to any one individual. God purposely involved the whole community in fulfilling the Torah about the Tabernacle. The calling of Torah cannot be fulfilled only by single individuals. It was designed by God to be fulfilled by each individual living out that calling both individually but also together as a Holy Community. Accordingly, they were called upon to receive Moses' instructions together, as a group, as a community. The construction of the Tabernacle was to be accomplished with the cooperation of all the people. No one individual could take the credit for the finished project. The real beauty of it was the cumulative effort of Adat Yisrael. In the Apostles, the Tabernacle is identified with the ekklesia, the "Body of Messiah." I Corinthians chapter six refer to us as the "Temple." Corporately, we are the place where the Holy One desires to dwell. (Parashah Vayak'hel, 2011)*

### **Bepeins of Bespreek**

1. In die lig hiervan kan ons dan wel vra of dit korrek is om te sê dat die kerk in die boek van Handeling begin het? Volgens Torah was Israel die *qahal* en die *adat* van YHVH. Die boek van Handeling is slegs die voortsetting hiervan met Yeshua as Koning en Hoëpriester.
2. In talle kerke is daar afbeeldings van 'Jesus' in die vorm van prente, skilderye en beelde. Maar Yeshua het nooit sy voet in 'n kerk gesit nie, want daar was nie kerke nie! Hy het wel gereeld na die sinagoge gegaan (Matt. 12:9; 13:54, Mark. 1:21, ens.) waar Torah bestudeer en geleer was (Hand. 15:21). Yeshua het ook saam met Israel in die tempel byeengekom (Matt. 21:12, 14 en 15). Dit is ook belangrik om te verstaan dat in elke sinagoge is dit die Torahrol wat die fokuspunt van die liturgie is. Hierdie Torahrol word in 'n spesiale houër, bekend as die ark, bewaar en word met die grootse eerbied hanteer, want dit word beskou as die Lewende Woord van YHVH.
3. Met die wederkoms van Yeshua Messias sal Hy weer die hele vergadering van Israel bymekaar roep! Wie gaan Yeshua se stem hoor? Is dit net die wat in Yeshua glo as Messias en die vierde gebod en Torah-gehoorsaam? Is redding alleen deur geloof of deur geloof en gehoorsaamheid?

### **Die Shabbat – Ons Wapen!**

*Werk moet vir ses dae gedoen word, maar die sewende dag moet vir julle afgesonderd wees, 'n Shabbat van volkome rus tot יְהוָה. Wie ook al enige werk daarop doen, moet doodgemaak word. Ex. 35:2 – PWL.*

Die eerste ding wat Moses aan die volk gesê het, nadat hy hulle bymekaar geroep het, was die bevel om YHVH se Shabbat te gedenk. In verlede week se parashah is ons ook daaraan herinner om die shabbat te gedenk en dit af te sonder (te heilig), want dit is 'n ewige teken tussen YHVH en Israel.

*Onderhou daarom die Shabbat, want dit is vir julle afgesonder. Hy wat dit verbreek, moet die dood sterf, want wie ook al daarop werk doen, dié persoon moet afgesny word vanuit sy volksgenote. Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is daar 'n Shabbat van volkome rus, afgesonder tot יְהוָה. Wie ook al enige werk doen op die Shabbatdag, moet die dood sterf. Ex. 31:14 en 15 – PWL.*

In hierdie teksverse is dit baie duidelik dat diegene wat weier om YHVH se Shabbat te gedenk *moet afgesny word vanuit sy volksgenote* (vers 14) en *moet die dood sterf* (vers 15). Die betekenis hiervan is dat diegene wat weier om die Shabbat te onderhou verbreek die verbond en is daarom strafbaar met die dood. Ja, die Shabbat is 'n ewige verbond:

*Daarom moet die seuns van Yisra'el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. Ex. 31:16 – PWL.*

Laat ons ook nie vergeet nie dat ons deur geloof in Yeshua as die Messias die nageslag van Abraham is en dus deel van Israel! Daarom is dit 'n misleiding om die onderhouding van die Shabbat as slegs vir die 'Jode' te beskou! Hierdie misleiding kan jou geestelike dood tot gevolg hê!

Die erns van die Shabbatsgebod word onderstreep deur die Hebreeuse letter *zayin* wat die sewende letter van die Hebreeuse alfabet is. Die piktogram (prentjieskrif) vir hierdie letter is 'n handwapen (swaard, byl) of 'n sekel en die numeriese waarde is sewe. Die getal sewe beteken *voltooi, volmaak, heelheid, ongeskonde* en *rus*. *Zayin* se simboliese betekenis is *om te sny* of *om af te sny*.

In Hebreeus word Mal. 4:4 geskryf met 'n vergrote *zayin*. Onthou in Hebreeus is daar nie hoofletters nie!!

*Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel – insettinge en verordeninge.*

**אָכַרְו תּוֹרַת מֹשֶׁה עַבְדִּי אֲשֶׁר צִוִּיתִי אוֹתוֹ בַּחֶרֶב עַל־כָּל־יִשְׂרָאֵל חֻקִּים וּמִשְׁפָּטִים**

Direk vertaal lees dit (van regs na links): *Zakar Torah Mosheh ehbed* ..... Die betekenis van die groot *zayin* is soos volg: Aangesien *zayin* 'n swaard (wapen) verteenwoordig verwys dit hier na Torah wat 'n swaard is vir geestelike oorlogvoering. Dit herinner ons aan die volgende teksverse:

*En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die Woord van God. Ef. 6:17.*

*Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Heb. 4:12.*

Ons kan dus die verband sien tussen die letter *zayin* en die Shabbat. Daarom: Die Shabbat is ons wapen teen ons vyande, want gehoorsaamheid aan YHVH se Torah is hoe ons die aanvalle van Satan afweer! Soos Jakobus in sy brief skryf, naamlik: Ons moet eers aan YHVH gehoorsaam wees en dan Satan weerstaan. Die volgorde is belangrik! Eers gehoorsaamheid en dan weerstand bied teen die vyand.

*Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug. Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af! Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydskap in droefheid. Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle opleg. Jak. 4:7 tot 10 – PWL.*

Maar die wat weier om YHVH se Shabbat te onderhou, sal deur YHVH self afgesny (vernietig) word!! Dan word Shabbat 'n wapen wat teen hulle gebruik sal word.

### **Bepeins of Bespreek**

1. In die lig van die vierde gebod, en van die gevolge van die minagting daarvan, kan ons wel vra: Wie sal dit waag om YHVH se Shabbat te ontheilig? Lees Num. 15:32 tot 36 en sien wat het gebeur met 'n Shabbatskender!! Laat hierdie waarskuwing, asook dit wat in Heb. 10:26 tot 31 geskryf staan dan nog hoegenaamd enige twyfel oor die belangrikheid van die Shabbatsgebod? Wie 'n oor het, laat hom hoor!
2. Die Hebreeuse woord vir *gedenk* is *zakar* (Strong's H2142) en word in die Afrikaanse Bybel ook as *dink, onthou, in gedagtenis bring en noem* vertaal. Die ware betekenis van *zakar* is egter om te onthou (dit in herinnering te roep) en dit dan te gaan doen op gepaste (voorgeskrewe) wyse! Dit is

om daders van die Woord te wees en nie net hoorders nie. Onthou: Hy wat die Woord (Torah – die onderrig en instruksies) hoor en dit nie doen nie, bedrieg homself (Jak. 1:22).

3. Wat beteken Ex. 35:3 – *Julle mag geen vuur op Shabbat aansteek nie..?* Sommige verklaar dit as verwysend na kreatiewe (skeppende) aktiwiteite. YHVH het op die sewende dag gerus van enige skeppende aktiwiteite en daarom moet ons ook. Beteken dit dat ons nie ons stokperdjies op Shabbat mag beoefen nie? Ander wysgere van ouds sê dit dien as herinnering aan die vuur waarmee die goue kalf gemaak is en wat 'n misplaasde en misleidende ywer (passie) was. Daarom moet ons nie toelaat dat ons passie in die lewe handuitruk nie of die oorsaak van misleiding is nie! Maar miskien is die belangrikste dat dit dien as herinnering dat die ywer om die tabernakel te bou nie belangriker as die Shabbat geag mag word nie!

### Die Shabbat – 'n Eiland in Tyd.

Die Shabbat is YHVH, die Almagtige, se oomblik in tyd wat spesiaal opsy gesit word en waar Hy saam met die mens wil rus (*shabbat*). Dit is 'n ewige instelling en deel van YHVH se skepping. Hy sal dit nie verander nie, want Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8).

Die betekenis van *gedenk, heilig en seën* is sentraal tot hoekom ons die Shabbatsgebod moet gehoorsaam. En dan die belangrikste: Die Shabbat is YHVH se afspraak met die mens!! Soos die feeste van YHVH volgens Levitikus 23 spesiale afsprake van YHVH met die mens is, net so is die Shabbat 'n spesiale afspraak in die week. Ons moet dus verstaan hoekom ons hierdie afspraak moet nakom en ook die geestelike waarde daarvan verstaan.

Eerstens moet ons verstaan dat die kalender waarvolgens die mens leef, bepaal word deur sekere natuurwette (wette van astronomie) wat deur YHVH vasgestel is. Dit bestaan uit dae, maande en jare. 'n Dag is die tyd wat dit die aarde neem om 'n 360° omwenteling op sy as te voltooi. 'n Maand is die tyd wat dit die maan neem om sy siklus van nuwe maan tot volmaan tot donkermaan te voltooi soos dit om die aarde wentel. 'n Jaar is die tyd wat dit die aarde neem om een volledige omwenteling om die son te maak. Alles onveranderlike en meetbare natuurwette soos deur YHVH vasgestel is.

Maar wat nou van die periode in tyd bekend as 'n week? Dit is nie 'n natuurwet nie! Nee, dit is deur YHVH die Almagtige ingestel as 'n wet wat eie is aan Hom en nie direk deur een van Sy natuurwette bepaal word nie. Die sewe dae siklus bekend as 'n week gedenk geen astronomiese gebeurtenis soortgelyk soos 'n dag, 'n maand of 'n jaar nie. 'n Week gedenk net een gebeurtenis, naamlik die sewe dae van YHVH se skepping soos in Torah beskryf word. YHVH het die periode in tyd bekend as 'n week (7 dae) uitsluitlik ingestel as herinnering aan Sy Skepping. Die sewende dag is 'n periode in tyd waar ons YHVH se skepping gedenk. Die Hebreus vir gedenk is *zakar* en is om iets of 'n gebeurtenis te onthou deur gepaste handeling. Daarom: Shabbat is die hoogtepunt van die weeklikse siklus. YHVH het die siklus van ses dae werk en die sewende dag van rus ingestel sodat die mens sy lewe daarvolgens kan beplan.

Die wêreld, insluitend die grootste gedeelte van die kerk, rebelleer egter teen hierdie bepaling (wet) van YHVH en rebelleer dus teen die Almagtige. Mense beskou die Shabbatsgebod as 'n beperking van hulle vryheid ten opsigte van handeldryf, sport en ontspanning. Die werklike waarde van gehoorsaamheid aan die Shabbatsgebod word geensins verstaan nie, selfs nie deur die kerk nie. Hulle sien die Shabbat soos enige ander dag, maar met sekere moets en moenies wat deel van die wette van die ou verbond is en waarvan, so word geglo, hulle verlos is.

Die Shabbat is egter veel meer as net 'n dag van rus met sekere moets en moenies. Sou dit slegs bedoel wees as 'n fisiese rusdag, dan sou enige ander dag ook geskik wees. Sou dit ook slegs 'n dag wees waar die mens aan sekere voorskrifte moet voldoen, dan sou enige ander dag ook geskik wees. Maar YHVH die Skepper is baie spesifiek in dié dat Hy die **sewende dag** geseën en geheilig (afgesonder, toegewy) het en ons beveel het om dit te gedenk. Dit wat die Almagtige geseën en geheilig (afgesonder) het, sal vir ewig geseënd en afgesonderd wees. Geen mens kan dit verander nie.

Soos reeds genoem is die natuurwette en dus die siklus van dae (nag en dag) deur YHVH geskape (Gen. 1:3, 4 en 14 tot 18). Hy het alles in ses dae geskape en op die sewende dag gerus van al Sy werk. Die sewende dag, die Shabbat, is dus deel van YHVH se skepping. Hy het ook hierdie dag gemaak!!

Nou kan gevra word: Wat het YHVH gedoen na Hy op die sewende dag gerus het? Die antwoord is in Gen. 2:3!

*En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak..*

Let daarop: YHVH God het die sewende dag geseën en dit afgesonder (geheilig) **omdat** Hy daarop gerus het!! Omrede YHVH op die sewende dag gerus het, het Hy hierdie dag geseën en dit afgesonder. Het YHVH, nadat Hy op die sewende dag gerus het dalk ook, soos met die res van Sy skepping, gesien dat dit goed was (Gen. 1:4, 12, 18 en 25)? Is dit die rede hoekom YHVH hierdie dag geseën en dit afgesonder het?

Volgens Gen. 2:1 tot 3 sien ons drie handeling (aksies) wat gepaard gegaan het met die skepping (maak) van die shabbat, naamlik:

- ❖ YHVH God het gerus op hierdie dag,
- ❖ YHVH het dit geseën, en
- ❖ YHVH het dit geheilig, naamlik afgesonder (*set-apart*)

Om iets te seën en af te sonder (te heilig) het 'n baie groter geestelike as fisiese betekenis, want YHVH het Sy goedheid en guns (Sy seën) oor die sewende dag verklaar. Om te seën is om dit wat geseën word vry te maak van enige beperkinge en hindernisse. Die Shabbat is dus soos 'n eiland in tyd met onbeperkte geestelike potensiaal – meer as enige ander dag van die week. Dit is 'n dag wat geestelike vernuwing en geestelike “varsheid” bied wat meer is as wat enige ander dag van die week die mens kan bied. Hoewel die Shabbat ook fisiese rus aan ons liggame bied, is die geestelike beloftes die vernaamste rede vir die Shabbatsgebod. Luister na die woorde van die profeet Jesaja:

*As jy jou voet terughou van die Shabbat – om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die Shabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van YHVH hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in YHVH, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van YHVH het dit gespreek. Jes. 58:13 en 14*

YHVH het dus die Shabbat vir die mens gemaak (Mark. 2:27) sodat elkeen wat dit 'n verlustiging noem en dit gedenk, oorvloedig geseën sal word. Die Shabbat is 'n eiland in tyd! Dit is 'n afspraak van die Vader met Sy kinders!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Hoekom het die Shabbatsgebod so 'n verskilpunt geword? Hoekom is dit so dat die oorgrote meerderheid van die sowat 1,9 biljoen mense wat hulself as Christene beskou die gebod van die shabbat minag? Is dit wat die Afgesonderde (Heilige) Skrifte ons leer, of is dit die leerstellings van mense? Het die shabbatsgebod verander – die enigste van die tien gebooe wat deur YHVH die Almagtige herskryf is? Hierdie is belangrike vrae, want ons weet dat enige iemand wat die tien gebooe willens en wetens minag, sal nie die Koninkryk van YHVH beërwe nie (Heb. 10:25 en 26).
2. Yeshua is Meester oor die Shabbat (Matt. 12:8) en Hy alleen het dus die reg om die Shabbatsgebod te wysig. Aansluitend by punt 1 kan ons dan wel vra: Waar lees ons dat Yeshua

die Shabbatsgebod verander het tot Sondag as “die dag van die Here”? Die geskeidenis is die bewys dat die pous van die Rooms Katolieke Kerk die Shabbatsgebod tot niet verklaar het en dit deur Son(dag)-aanbidding vervang het! Verwys [Les 8: Geskiedenis en Shabbat](#).

**N**ota: ‘n Meer volledige studie oor die Shabbat kan afgelaai word by: <http://nuweliel.info/?cat=11>

-o-o-o-o-o-o-o-

Shalomgroete.

Johan.

Epos: [kontak@nuweliel.info](mailto:kontak@nuweliel.info)

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*